


**Die Onbeweeglike Beweger**
**Matteus 28:16-20**

In my reis met die teks hierdie week het my gedagtes gereeld teruggegaan na ’n oomblik wat ek onlangs beleef het by Voëlklipstrand. Dit was een van daardie sonsondergange vir die boeke… ’n Goeie vriend wat saam met my meegevoer was in die oomblik, het na my gedraai en gevra: "Herinner my net weer - hoekom verlaat ons nou weer hierdie plek?"  Wat bedoel was om sommer so ’n terloopse vraag te wees het my bygebly… Dit het soos 'n drom in my gedagtes bly slaan.

Want die waarheid is: ons verlaat voortdurend plekke. Ons verlaat kinderdae vir grootwordjare. Ons verlaat skole, huise en werke. En mense. Sommige reis 'n leeftyd saam; ander stap net ’n paar tree saam.

**Die lewe is beweging.** Maar wat dryf hierdie beweging? Waarom hou ons aan om vorentoe te beweeg? Soeke na geluk? Of betekenis? Die skrywer David Brooks onderskei tussen wat hy noem 'n CV-lewe en 'n nalatenskapslewe. ‘n CV vra: Watter sukses het ek behaal? Nalatenskap vra: Wie het ek geword? Wie het ek liefgehad? Waaraan was ek getrou?

Wanneer Jesus sy dissipels op die berg in Galilea ontmoet, gee Hy nie vir hulle 'n persoonlike suksesplan nie. Hy nooi hulle in ’n veel groter beweging in. Matteus vertel vir ons dat daar net elf dissipels was… Daar kort iemand. Daar is gebrokenheid. En, sê Matteus, hul aanbid terwyl hul twyfel. In hierdie oomblik gebeur iets merkwaardigs: "Jesus het nader beweeg."

Aristoteles het destyds die vraag gevra: “Hoekom beweeg enigiets?” Hy kyk na die wêreld en sien: alles verander, beweeg, ontwikkel, groei, vergaan. ’n Bal beweeg omdat iemand dit skop. ’n Boom groei omdat daar water en son is. Die see beweeg. Alles word deur iets anders “aan die gang gehou”. En dan vra hy:

“As alles deur iets anders beweeg word, wat het hierdie eindelose domino-effek veroorsaak?” Aristoteles sê: daar móét uiteindelik ’n eerste bron wees — iets wat ander dinge aan die beweeg sit. Hy noem dit die "Onbeweeglike Beweger". Die teoloog Thomas Aquinas staan op sy skouers en praat van God as hierdie Onbeweeglike Beweger.  Matteus praat op 3 plekke van hierdie Beweger wat na ons beweeg (Matt 1:23, 18:20 en 28:20). Jesus wag nie dat die dissipels Hom bereik nie; Hy gee altyd die eerste tree. Dan sê Hy: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde."

**Die groot opdrag of beweging?**
Die beweging begin nie by ons nie. Die wêreld rus nie op my skouers nie. Christus regeer reeds.

Die tweede beweging is "Gaan dan en maak dissipels..." Die werkwoord hier in Grieks is nie "gaan" nie, maar "maak dissipels". Jesus stuur ons nie om bewonderaars of bekeerlinge te versamel nie. Hy stuur ons om mense te help *leef* in Jesus se voetspore, om hul oë oop te maak vir God se nabyheid.  Die sin van die lewe word ontsluit waar ons aansluit by Jesus se beweging.

John Vervaeke (Awakening from the Meaning Crisis) praat van "participatory knowing": "The purpose of life is not happiness. Happiness is a by-product of meaning."
Ons word genooi om deel te neem aan God se beweging in die wêreld. Die Vader stuur die Seun. Die Seun stuur die Gees. Die Gees stuur ons, sy kerk. Van die begin af is God 'n God wat stuur, roep en beweeg.

Die derde beweging is ‘n belofte. Die sg ‘Groot Opdrag’ eindig nie met 'n taak nie, maar 'n teenwoordigheid: "En onthou: Ek is by julle al die dae, tot die voleinding van die wêreld." Nie: "Sterkte!"nie. En nie: "Doen julle bes!" nie. Maar: "Ek is by julle." Miskien is dit die antwoord op die vraag wat by my bly spook het. Waarom verlaat ons die plekke wat ons liefhet? Waarom hou ons aan beweeg?  Miskien omdat God nog nie klaar is met ons nie. En om volledig mens te word van ons vra om aan te hou beweeg - my oog gevestig op die Onbeweeglike Beweger.  Hoe Matteus sy evangelie afsluit, is hoe hy dit begin:
Immanuel — God by ons.

